

# Irrasionele oortuigings van adolessente wat groep-druk ervaar

*Irrational beliefs of adolescents who experience group pressure*

**GARFIELD BESTER**

Departement Opvoedkundige Sielkunde  
Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria  
E-pos: besteg@unisa.ac.za



Garfield Bester

**GARFIELD BESTER** is professor in die Departement Sielkundige Opvoedkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika waar hy Navorsingsmetodologie doseer. Sy belangstellingsveld is die ontwikkeling van adolessente en leerprobleme gedurende adolessensie.

**GARFIELD BESTER** is a professor in the Department of Educational Psychology at the University of South Africa where he lectures Research Methodology. His field of interest is the development of adolescents and learning problems during adolescence.

## ABSTRACT

### *Irrational beliefs of adolescents who experience group pressure*

*During adolescence, relationships with friends become the primary environment where social interaction and development occurs. This has both positive and negative consequences. On the positive side, the peer group provides companionship, social and emotional support, as well as opportunities for self-reflection which parents are, at times, unable to offer (Oppenheimer & Hankin 2011:486-493; Chen, Cohen, Johnson & Kasen 2009:223). However, interaction with peers may also have negative effects. Interaction with peers may be associated with undesirable behaviour such as alcohol or drug abuse (Henry, Slater & Oetting 2005:275-283; Allen, Donohue, Griffin, Ryan & Turner 2003:163-186). Also, peers may socially isolate a particular individual and this can have negative consequences for the person's social development, emotional functioning and self-image resulting in depression (Oppenheimer & Hankin 2011:487). Furthermore, adolescents who are socially victimised find it difficult to establish normal social relationships with friends and these adolescents are likely to succumb to group pressure simply to be accepted.*

*Relationship with parents, relationship with friends and self-image are some of the most prominent factors relating to group pressure (Bámaca & Umaña-Taylor 2006:633-634; La Greca & Harrison 2005:58; Fourie 2001:210-213; Kung & Farrell 2000:509). These factors are all psychosocial in nature and do not precisely explain how adolescents cognitively think and reason about social issues in their lives and how this might affect their vulnerability to group pressure. Adolescents should be able to think abstractly and reason in a logical way (Woolfolk 2010:38-39)*

but, even if they can, this is no guarantee that they will be capable of rational reasoning. Adolescents, like many adults, often reason in an irrational way and come to conclusions without supporting evidence. Adolescents who think irrationally tend to make incorrect assumptions about themselves, other people and about situations in general. These faulty and often illogical deductions result in beliefs which in turn, lead to destructive emotions and deviant behaviour. Ellis (in Maltby, Day & Macaskill 2007:458-459) identified a number of irrational beliefs which he considers to be the root of many emotional and behavioural problems. The aims of the current research revolve around the relationship between these irrational beliefs and group pressure.

A sample of 316 high school learners (120 boys and 196 girls) from various provinces in South Africa was used in the investigation. The average age of the respondents was 16.03 years with a standard deviation of 1.29.

Irrational beliefs were measured using a questionnaire developed by Jones (1968). The questionnaire measures the ten most common irrational beliefs identified by Ellis (Maltby, Day & Macaskill 2007:458-459). Other variables namely group pressure, relationship with peers, parent-child relationship and self-image were measured using a questionnaire developed by Fourie (2001). Seven of the ten irrational beliefs correlated positively with group pressure which indicates that the phenomenon of strongly held irrational beliefs is related to intense group pressure among adolescents. From the results of a regression analysis, three irrational beliefs were identified as the most prominent beliefs as far as group pressure is concerned. These irrational beliefs are: that other people should always like and accept you, that problems should be avoided rather than solved and that you cannot manage in life without somebody else's help.

Significant negative correlations were obtained between group pressure and self-image (-0.63), relationship with friends (-0.34) and parent-child relationship (-0.46). The results also showed that self-image, the irrational belief that other people should always like and accept you, and the irrational belief that problems should be avoided rather than solved, explain 44% of the variance in group pressure.

The three prominent irrational beliefs related to group pressure did not differ between adolescents in different age groups. Boys and girls did not differ as far as group pressure was concerned and only with regard to one of the three prominent irrational beliefs: girls are more inclined to believe that you cannot manage in life without somebody else's help.

The identification of irrational beliefs which relates to group pressure, has two practical implications. Firstly, the presence of certain irrational beliefs can help parents and teachers to identify group pressure without the need for some form of formal assessment. Secondly, irrational beliefs provide a framework for therapeutic intervention using Ellis's well-known A-B-C-D-E model. Adolescents who find it difficult to deal with group pressure could be helped by parents and teachers to formulate acceptable alternatives for the prominent irrational beliefs identified in this study.

**KEY CONCEPTS:** Adolescence, group pressure, behavioural problems, parent-child relationship, relationship with friends, self-image, irrational beliefs, rational-emotional behaviour therapy, RET, age, gender

**TREFWOORDE:** Adollessensie, groepdruk, gedragsprobleme, ouerkindverhouding, verhouding met maats, selfbeeld, irrasionele oortuigings, rasoniele-emosionele gedrags-terapie, RET, ouderdom, geslag

## OPSOMMING

Vir adolessente word die verhouding met maats die primêre omgewing waar sosiale interaksie en ontwikkeling plaasvind. Die sterk behoefte om gedurende hierdie periode sosiaal aanvaar te word, kan tot groepdruk aanleiding gee. Faktore wat met groepdruk verband hou soos verhouding met ouers, verhouding met maats en selfbeeld is sosiaal-affektief van aard en verklaar nie sonder meer hoe adolessente kognitief oor sosiale aangeleenthede in hulle lewe dink en redeneer nie. Die vraag ontstaan in hoe 'n mate die denke en redenasies van adolessente verband hou met hulle kwesbaarheid vir groepdruk. In die ondersoek is daar spesifiek op irrasionele denke en oortuigings van adolessente gefokus. 'n Empiriese ondersoek is uitgevoer waarby 316 hoërskooladolessente betrek is. Uit die resultate blyk dit dat veral drie tipes irrasionele oortuigings met groepdruk verband hou. Twee van hierdie irrasionele oortuigings tesame met selfbeeld verklaar soveel as 44% van die variansie in groepdruk by adolessente. Seuns en dogters het nie beduidend ten opsigte van groepdruk verskil nie en slegs beduidend verskil met betrekking tot een van die drie geïdentifiseerde irrasionele oortuigings. Die drie prominente irrasionele oortuigings het ook nie tussen adolessente in verskillende ouderdomsgroepe beduidend verskil nie.

## INLEIDING EN LITERATUUROORSIG

Aktiwiteite waarby adolessente betrokke is skep 'n omgewing waarbinne adolessente emosioneel en kognitief hulle eie persoonlikheid en identiteit kan ontwikkel en sosiale vaardighede kan aanleer (Thorlindsson & Bemburg 2006:322). Biologiese, psigologiese en sosiale veranderinge wat tydens adolessensie plaasvind is nie net in die persoon self geleë nie. Dit is 'n periode waarby ander persone betrek word wat gesinslede en nie-gesinslede insluit. Daar vind 'n verbreding van adolessente se sosiale omgewing plaas en hulle sosiale fokus verskuif van die ouers na die portuurgroep en die skoolgemeenskap. Gevolglik is adolessensie 'n tydperk waarin jong mense gekonfronteer word met verskeie keuses en besluite rakende hulle gesin, skoolaangeleenthede, maats, hulle eie identiteit, outonomie en so meer (Palmqvist & Santavirta 2006:203; Rew, Wong, Torres & Howell 2007:67).

Vir adolessente word die verhouding met maats die primêre omgewing waar sosiale interaksie en ontwikkeling plaasvind. Dit het positiewe sowel as negatiewe gevolge. Aan die positiewe kant bied die portuurgroep kameraadskap, sosiale en emosionele ondersteuning asook geleenthede vir self-refleksie wat ouers soms nie kan bied nie (Oppenheimer & Hankin 2011:486-493; Chen, Cohen, Johnson & Kasen 2009:223). Die populêre en stereotiepe beskouing is dat verhoudinge met maats potensieel gevaarlik is maar in werklikheid is dit die afwesigheid van sodanige verhoudinge wat gedurende adolessensie vreemd voorkom. Die afwesigheid van maats hou risikofaktore in omdat maats meestal 'n beskermende en ondersteunende funksie vervul (Maxwell 2002:267-277). 'n Ondersteunende vriendekring dra by tot die psigologiese welstand van adolessente op verskeie terreine (Benson & Scales 2009:85-104) wat wissel van streshantering (Young, Chadwick, Heptinstall, Taylor & Sonuga-Barke 2005:245-253) tot 'n positiewe selfbeeld, 'n gesonde houding teenoor die skool, prestasie op skool asook prestasie-motivering (De Bruyn & Van den Boom 2005:555-573; Erath, Flanagan & Bierman 2008:853-870).

Die sosiale interaksie met maats kan negatiewe gevolge inhou. Twee aspekte kan in die opsig onderskei word. Aan die een kant kan die maats met wie adolessente assosieer by ongewenste gedrag betrokke wees soos alkohol- en dwelmgebruik (Henry, Slater, & Oetting 2005:275-283; Allen, Donohue, Griffin, Ryan & Turner 2003:163-186). Aan die ander kant kan maats 'n bepaalde individu doelbewus isoleer en van normale sosiale aktiwiteite uitsluit. Sommige adolessente word sosiaal geviktimizeer deur portuurgroeplede wat onwaarhede oor hulle versprei, hulle reputasie skade

aandoen of hulle doelbewus ignoreer (Desjardins & Leadbeater 2011:532). So 'n situasie kan 'n belemmerende uitwerking op die slagoffer se sosiale vaardighede hê en negatief inwerk op aspekte soos selfbeeld, identiteitsvorming en emosionele funksionering wat weer tot depressie aanleiding kan gee (Oppenheimer & Hankin 2011:487). Nie alleen kan verwerping deur die portuurgroep wanaanpassing en probleemgedrag veroorsaak nie, maar dit kan ook die persoon se leeraktiwiteite en deelname in die klas belemmer (Wentzel 2003:5-28; Buhs, Ladd, & Herald 2006:1-13).

Adolesente wat sosiaal geteister word en dit moeilik vind om normale sosiale verhoudinge met maats te stig, loop die gevaar om aan groepdruk toe te gee ten einde meer geredelik aanvaar te word. Groepdruk is die uiteindelijke gevolg van adolessente se voortdurende worsteling om sosiaal aanvaar te word in 'n komplekse portuurgroepomgewing met botsende gedragsmodelle (Payne & Cornwell 2007:127). Portuurgroepdruk kan breedweg gedefinieer word as 'n *poging deur portuurgroepede om 'n individu te oortuig om hulle besluite of gedrag te volg. Dit lei daartoe dat slagoffers andersoortige gedrag, houdings en waardes openbaar as wat die geval sou wees indien hulle op hulle eie sou optree* (Cho & Chung 2012:527; Sim & Koh 2003:58). Simons-Morton (2007:672) onderskei tussen seleksie en sosialisering. Seleksie vind plaas waar adolessente vriende kies omdat die vriende soortgelyke oortuigings en gedrag as hulle openbaar. Sosialisering vind plaas wanneer adolessente hulle oortuigings en gedrag wysig om by dié van die portuurgroep aan te pas. In dié opsig sou groepdruk as geforseerde sosialisering beskou kon word. Persone wat onder druk toegee se outonomie of selfstanigheid word ingeperk asook hulle reg om eie besluite te neem of hulle eie opinie uit te spreek. Die druk wat ter sprake is, kan direk deur oorreding toegepas word of op 'n indirekte wyse bewerkstellig word deur sarkastiese opmerkings oor 'n persoon te maak of opmerkings te maak wat die persoon laat skuldig voel (Schad, Szewedo, Antonishak, Hare & Allen 2008:348).

Vroeër is reeds genoem dat adolessente se verhoudings met maats positiewe sowel as negatiewe gevolge kan inhou. Dieselfde geld ook vir groepdruk (Bámaca & Umaña-Taylor 2006:631). Portuurgroepdruk kan positiewe gevolge inhou (byvoorbeeld, druk om akademies goed te presteer) maar oor die algemeen word groepdruk met gedragsprobleme en antisosiale gedrag geassosieer wat 'n negatiewe invloed op adolessente se psigologiese welstand het. Tipiese gedrag waar groepdruk prominent is, is misdaad, onverskillige seksuele gedrag, afknouery, dwelmgebruik, alkoholgebruik, oortredings in skoolverband en gepaardgaande daarmee, swak prestasie op skool (Bámaca & Umaña-Taylor 2006:631-632; Chan & Chan 2008:38). Die portuurgroep se goedkeuring het ook 'n beduidende invloed op adolessente se rookgewoontes (Kobus 2003:37-55). Adolessente wat drie of meer vriende het wat rook se kans om self te rook is tien keer groter as in die geval waar adolessente se vriende geensins rook nie (Greene & Banerjee 2008:272). Rokers het meestal ander rokers as vriende en adolessente gebruik selde alleen alkohol. Dieselfde geld ook vir dwelmgebruik. Oor die algemeen is dwelmgebruik by adolessente 'n groeifenomeen wat as deel van hulle sosiale interaksie plaasvind (Palmqvist & Santavirta 2006:215). Aangesien adolessente oor die algemeen dwelms of alkohol in groepverband gebruik, verhoog dit die beskikbaarheid daarvan onder lede in die groep en moedig hulle mekaar onderling aan om dit te gebruik (Bruce 2007:672). Nie alleen is vriende betrokke by die verskaffing van dwelms nie, maar hulle help ook dwelmgebruik aan deur die gebruik daarvan in 'n positiewe lig te stel. Adolessente sal makliker dwelms begin gebruik as hulle daarvan oortuig is dat hulle vriende dit gebruik en dit algemene praktyk in die breër portuurgroep is (Branstetter, Low & Furman 2011:151).

As die gedragsprobleme by adolessente wat met groepdruk verband hou in ag geneem word asook die omvang van hierdie gedragsprobleme in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing, is dit nodig om adolessente wat groepdruk moeilik hanteer, vroegtydig te identifiseer. In hierdie opsig het Fourie (2001:210-213) verskeie faktore ondersoek wat moontlik met groepdruk verband hou

soos geslag, ouderdom, persoonlikheid, intelligensie, waardes, selfbeeld, verhouding met maats, verhouding met ouers, gesinsfaktore asook faktore binne skoolverband, onder andere deelname aan buitemuurse bedrywighede. Selfbeeld, ouderdom, 'n strewe om populêr te wees en verhouding met maats is as die vernaamste faktore geïdentifiseer. Die genoemde veranderlikes het ongeveer 46% van die variansie in groepdruk verklaar. Selfbeeld op sigself het 36% van die variansie in groepdruk verklaar en is gevolglik as die belangrikste faktor uitgewys.

Selfbeeld en verwante konstrunkte soos identiteitsvorming word deurgaans in die literatuur met portuurgroepdruk geassosieer. Adolessentte gebruik die portuurgroep om 'n identiteit onafhanklik van hulle ouers te vestig maar druk vanuit die portuurgroep kan die volle ontplooiing van 'n identiteit benadeel (Warr 2002:49). Dumas, Ellis en Wolfe (2012:917-927) noem dat identiteitsvorming as 'n buffer dien teen groepdruk en dat adolessentte wat 'n sterk identiteit gevorm het, minder betrokke is by risikogedrag in vergelyking met diegene wie se identiteit nog nie gevestig is nie. Hulle beveel aan dat programme wat dit ten doel het om groepdruk by adolessentte te verminder, aandag aan identiteitsvorming behoort te gee.

Wat selfbeeld betref, moet in gedagte gehou word dat diegene wat onseker van hulleself is hulle eie gedrag voortdurend met dié van ander persone vergelyk om vas te stel wat aanvaarde gedrag is. By die adolessent is die "ander persone" meestal lede van die portuurgroep. Gevolglik is die onsekerer adolessent met 'n swak selfbeeld blootgestel aan portuurgroepinvloede en druk vanuit die portuurgroep (Palmqvist & Santavirta 2006:204). Adolessentte met 'n swak selfbeeld aanvaar oorredingsboodskappe makliker omdat hulle meer kredietwaardigheid aan ander se opinie gee as aan hulle eie. Trouens, hulle is nie daarop ingestel om op hulle hoede vir oorredingsboodskappe te wees nie en aanvaar dat ander meestal reg en hulle verkeerd is (Greene & Banerjee 2008:271). Adolessentte met 'n swak selfbeeld voel onbevoeg ten opsigte van hulleself en daarom is hulle meer gewillig om toe te gee aan groepdruk en gepaardgaande antisosiale gedrag om sodoende eksterne bevestiging vir hulle eiewaarde te kry. Daarteenoor het adolessentte met 'n sterk selfbeeld meer vertroue in hulle eie waardesisteen en standpunte wat dit onnodig maak om toe te gee aan die verwagtinge van ander (Bámaca & Umaña-Taylor 2006:634).

Fourie (2001:207) het 'n beduidende negatiewe korrelasie tussen groepdruk en adolessentte se verhouding met maats aangetoon wat aandui dat hoë groepdruk met swak portuurgroepverhoudinge gepaardgaan. Die verwagting bestaan dat 'n persoon juis aan druk toegee ten einde beter verhoudinge met die portuurgroep te vestig maar dit blyk nie sonder meer so te wees nie. In die adolessentte portuurgroep kan tussen lede onderskei word wat met gemak deur die groep aanvaar word en ander wat tot 'n mindere mate aanvaar word. Volgens Laursen, Hafén, Kerr en Stattin (2012:88) gebeur dit dikwels dat lede wat meer geredelik deur die groep aanvaar word, druk plaas op diegene wat tot 'n mindere mate aanvaar word. Laasgenoemdes het meer om te verloor en swik meestal onder die druk sonder dat hulle daardeur hulle status in die groep verhoog. Hulle bly die minder aanvaarbare lede in die groep en dit verklaar moontlik waarom adolessentte wat onder druk verkeer, nog steeds swak portuurgroepverhoudinge ondervind. Benewens swak verhoudinge kan hierdie adolessentte ook depressie en sosiale angs ervaar weens die druk wat op hulle geplaas word en die moontlikheid dat hulle uitgesluit sal word as hulle nie aan die druk toegee nie (La Greca & Harrison 2005:58).

Adolessentte se verhouding met maats moet teen die agtergrond van hulle verhouding met hulle ouers ontleed word. Ouers is betrokke by portuurgroepverhoudinge op twee wyses. Eerstens is hulle betrokke deur leiding te gee rakende hulle adolessentte kind se sosiale verhoudinge en probleme met betrekking tot die portuurgroep. Dit kan wissel van spesifieke insidente waarby hulle kind betrokke is, tot voorbereiding op toekomstige situasies. Tweedens is ouers betrokke deur hulle adolessentte kind se interaksie met die portuurgroep te reguleer. Hierdie betrokkenheid neem af namate die kind ouer word (Mounts 2011:417). Op watter wyse ouers ook al betrokke

is, dien hulle betrokkeheid as 'n belangrike buffer teen groepdruk. 'n Gesonde ouer-kindverhouding waarin die kind nie toegelaat word om geheel en al onafhanklik van ouers op te tree nie, maar genoeg ruimte gegun word om self besluite met die medewete van die ouers te neem, berei die kind voor om groepdruk te hanteer. Wanneer kinders te vroeg algehele selfstandigheid van ouers ontvang, ontwikkel hulle 'n afhanklikheid van die portuurgroep en word hulle blootgestel aan portuurgroepdruk (Chan & Chan 2008:40). Bámaca en Umaña-Taylor (2006:633) het gevind dat adolessente wat sterk emosionele bande met hulle ouers het, beter in staat is om weerstand teen groepdruk te bied terwyl Fourie (2001:199) in sy ondersoek 'n negatiewe korrelasie tussen ouer-kindverhouding en groepdruk aangetoon het wat daarop dui dat 'n ondersteunende ouer-kindverhouding met lae groepdruk gepaardgaan.

Kung en Farrell (2000:509) noem dat lae ouerskapkwaliteit onder andere gekenmerk word deur gebrekkige kontrole en inkonsekwente dissiplinerings. Hulle het gevind dat die invloed van die portuurgroep ten opsigte van die gebruik van dwelms by jong adolessente sterker was in gevalle waar die ouerskapkwaliteit laag was in vergelyking met die adolessente wat hoë ouerskapkwaliteit ervaar het. Kontrole en dissiplinerings word oorwegend aan die vader as die gesagsfiguur in 'n gesin gekoppel en as die vader afwesig is, wil dit voorkom asof adolessente groter druk vanuit die portuurgroep ervaar en groter gevaar loop om sosiaal deur die portuurgroep geviktimizeer te word (Farrell & White 1998:248-258; Desjardins & Leadbeater 2011:531-544).

Adolessente se verhouding met hulle ouers werp lig op die verband tussen groepdruk en twee ander faktore naamlik ouderdom en geslag. Bevindings van ondersoekes dui daarop dat vroeë adolessente (ongeveer 14 jaar) beduidend meer groepdruk ervaar as adolessente van 16 jaar en ouer (Fourie 2001:185; Sim & Koh 2003:75). Jonger adolessente wat besig is om onafhanklik van hulle ouers te word, is meer kwesbaar vir groepdruk as ouer adolessente wat reeds ervaring in outonome of selfstandige optrede het. Om hierdie rede maak ouers opvoedkundig gesproke 'n fout om kinders te vroeg volkome selfstandigheid te gee, 'n aspek wat ook in die vorige paragraaf genoem is. Dit is juis omdat dogters sterker emosionele bande met hulle ouers het en dit vir 'n langer periode as seuns behou, dat hulle in vergelyking met seuns, minder blootgestel is aan groepdruk (Fourie 2001:183; Bámaca & Umaña-Taylor 2006:642; Chan & Chan 2008:40).

Verhouding met ouers, verhouding met maats, selfbeeld, ouderdom en geslag is faktore wat oor die algemeen in die literatuur oor groepdruk bespreek word en stem grootliks ooreen met die faktore wat Fourie (2001:210-213) as die vernaamste ten opsigte van groepdruk geïdentifiseer het. Soos reeds gemeld, kon Fourie 46% van die variansie in groepdruk verklaar wat impliseer dat meer as 50% van die variansie in groepdruk nie verklaar kon word nie. Faktore wat met groepdruk verband hou soos verhouding met ouers, verhouding met maats en selfbeeld is sosiaal-afektief van aard en verklaar nie sonder meer hoe adolessente kognitief of bewustelik oor sosiale aangeleenthede in hulle lewe dink en redeneer nie. Kognitief gesproke kan adolessente op abstrakte vlak dink, logies redeneer en probleme oplos (Woolfolk 2010:38-39) maar dit waarborg egter nie dat hulle denke altyd rasioneel is nie. Adolessente, soos talle volwassenes, se denke is dikwels irrasioneel. Irrasionele denke dui op gevolgtrekkings wat gemaak word maar nie deur beskikbare premisse ondersteun word nie. Dit het tot gevolg dat irrasionele denkers foutiewe afleidings oor hulleself, ander mense en situasies maak. Die foutiewe en soms onlogiese afleidings gee aanleiding tot oortuigings wat selfvernietigende emosies en afwykende gedrag tot gevolg kan hê. In die meeste gevalle is dit nie die situasie self wat hierdie emosies of gedragspatrone ontlok nie, maar die persoon se interpretasie van die situasie (Froggatt 2005:1-2).

Tipiese irrasionele of onredelike oortuigings is deurspek met woorde soos *moet*, *nooit*, *behoort*, *mag nie* en so meer. Sommige adolessente redeneer byvoorbeeld dat hulle deurgaans op skool goed *moet* presteer ten einde status in die portuurgroep te verkry. Dit kan aanleiding gee tot hoë

stresvlakke. Ander is weer daarvan oortuig dat hulle ouers hulle *nooit* sal verstaan nie. Dit kan tot frustrasie en konflik aanleiding gee. Sulke absolute oordele en rigiede of onbuigsame oortuigings het emosies soos stres, angs, depressie, en aggressie tot gevolg (Venning, Kettler, Elliott & Wilson 2009:16; Salameh 2011:137), asook verskeie gedragsprobleme soos eetversteurings, dwelmmisbruik, verhoudingsprobleme en swak vordering op skool (Lupu & Iftene 2009:96).

Ellis (in Maltby, Day & Macaskill 2007:458-459) het 'n aantal irrasionele oortuigings geïdentifiseer wat hy reken onderliggend aan die meeste emosionele en gedragsprobleme lê. 'n Tipiese irrasionele denker kan onder andere een of meer van die volgende oortuigings huldig:

- Mense met wie jy in aanraking kom moet jou aanvaar en van jou hou.
- Jy moet op talle gebiede presteer voor jy erkenning sal geniet.
- Mense wat swak gedrag openbaar moet konsekwent gestraf word.
- Dit is katastrofies as dinge anders verloop as wat jy beplan het.
- Jou lewe word deur faktore van buite bepaal waaroor jy nie beheer het nie.
- 'n Mens behoort bekommerd te wees oor onvoorsiene gevare in die lewe.
- Vermoed eerder probleme in stede daarvan om dit te probeer oplos.
- Sonder ander se hulp sal jy nêrens in die lewe kom nie.
- Dit is onmoontlik om foute in die verlede geheel en al af te skud.
- Dit is katastrofies of rampspoedig as probleme nie op die ideale wyse opgelos word nie.

Dit is moontlik dat adolessente wat irrasioneel oor hulleself of hulle verhoudinge met maats redeneer tot foutiewe oortuigings oor die verhoudinge kan kom, en op dié wyse hulle aan groepdruk blootstel. Bestaande literatuur ter ondersteuning van so 'n uitspraak ontbreek egter. Volgens normale elektroniese prosedures kon geen ondersoek oor die afgelope twintig jaar, waarin irrasionele oortuigings met groepdruk in verband gebring is, opgespoor word nie. Irrasionele oortuigings is wel ondersoek ten opsigte van gedrag wat geassosieer word met persone wat onder groepdruk verkeer soos 'n swak selfbeeld (Salameh 2011:137-144; Jaradat 2006:143-153; Watson, Morris & Miller 2001:343-354), sosiale aanvaarding (Lee, Sohn, & Park 2004:1144-1148), aggressie (Fives, Kong, Fuller & DiGiuseppe 2011:199-208), depressie (Venning, Kettler, Elliott & Wilson 2009:15-33) en angsbeleving (Lupu & Iftene 2009: 95-105). Nie een van die genoemde ondersoeke betrek groepdruk direk nie. In Paxton (1996:334-347) se ondersoek word groepdruk met eetsteurnisse in verband gebring en in die aanbevelings word genoem dat irrasionele oortuigings verander moet word om die probleem aan te spreek. Irrasionele oortuigings is egter nie by die empiriese ondersoek betrek nie. Dieselfde geld vir McVea, Harter, McEntarffer en Creswell (1999:209-222) se ondersoek oor rook op hoërskoolvlak, Yokoyama, Nishikitani en Araki (1999:135-149) se ondersoek oor drankgebruik en Zenere en Lazarus (1997:387-403) se ondersoek oor selfmoord by adolessente. Groepdruk en irrasionele oortuigings word as veranderlikes genoem maar nie direk met mekaar in verband gebring nie.

## DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Daar bestaan 'n leemte in die literatuur oor die verband tussen irrasionele oortuigings en groepdruk en om die leemte aan te spreek, is 'n empiriese ondersoek uitgevoer. Die doel van die ondersoek was eerstens om te bepaal watter van die tipiese irrasionele oortuigings waarna Ellis verwys met groepdruk verband hou en watter as die vernaamste beskou kan word.

Adolessente ervaar nie almal dieselfde mate van groepdruk nie. Groepdruk wissel van adolessent tot adolessent en daar moet faktore wees wat vir hierdie variansie verantwoordelik is.

Selfbeeld, verhouding met maats en ouer-kindverhouding is vroeër as vername faktore geïdentifiseer wat met groepdruk verband hou (Fourie 2001:200-208; Warr 2002:49; Bámaca & Umaña-Taylor 2006:634; Palmqvist & Santavirta 2006:204; Laursen 2012:88). Gevolglik was die tweede doel van die ondersoek om te bepaal in welke mate selfbeeld, verhouding met maats en ouer-kindverhouding met groepdruk verband hou en watter irrasionele oortuigings met hierdie veranderlikes geassosieer word.

Sekere ondersoekte (Fourie 2001:185; Sim & Koh 2003:75) het bevind dat groepdruk gedurende hoërskooljare 'n afname toon terwyl Chan en Chan (2008:50) se bevindings op 'n toename dui. Laasgenoemde outeurs wys egter daarop dat die verband tussen ouderdom en groepdruk kontekstsensitief is. Groepdruk om byvoorbeeld drank te gebruik, bereik op 'n ander ouderdom 'n piek as in die geval van groepdruk om sekere klere aan trek. Dit het die vraag laat ontstaan of irrasionele oortuigings wat met groepdruk verband hou 'n toename of afname gedurende die hoërskooljare toon. 'n Antwoord op die vraag kan as die derde doel van die ondersoek beskou word.

Die vierde doel is om te bepaal of seuns en dogters verskille toon ten opsigte van prominente irrasionele oortuigings wat met groepdruk verband hou.

## NAVORSINGSONTWERP

### Deelnemers

Nagraadse studente wat besig was met psigometriese opleiding het as veldwerkers aan die navorsingsprojek deelgeneem. Hierdie studente is oor die land versprei wat tot gevolg gehad het dat deelnemers uit verskeie provinsies by die ondersoek betrek is.

Die studente het tydens 'n werksessie in Pretoria opleiding in die afneem van die meetinstrumente ontvang, asook in die opstel van dokumente rondom etiese aangeleenthede. Na die opleiding het die studente opdrag ontvang om 'n hoërskool in hulle omgewing te nader met die versoek om by die ondersoek betrokke te wees. Indien die skool ingewillig het, is etiese klaring verkry by die onderwysdepartement waaronder die skool ressorteer. In die etiese aansoek is die meetinstrumente voorgelê vir goedkeuring en die versekering is gegee dat geeneen van die deelnemers gedwing sou word om deel te neem nie. Deelnemers kon ook te eniger tyd onttrek indien hulle dit sou verkies en alle inligting is vertroulik hanteer. Nadat toestemming van die onderwysdepartement verkry is, is 'n klas in die betrokke hoërskool op ewekansige wyse gekies om aan die ondersoek deel te neem. Na die ewekansige identifisering van 'n klas, is toestemming by die ouers verkry om hulle kinders as deelnemers te gebruik. Dieselfde etiese beginsels wat aan die onderwysdepartement voorgelê is, is ook aan die ouers gestel.

In die geheel is 316 hoërskooladolesente by die ondersoek betrek; 120 seuns en 196 dogters. Van die gekose adolessente was 162 (51.27%) uit Gauteng, 62 (19.62%) uit Mpumalanga, 38 (12.03%) uit die Wes-Kaap, 32 (10.13%) uit Limpopo en 22 (6.96%) uit KwaZulu-Natal. Die huistaal van die deelnemers weerspieël die multikulturele aard van die Suid-Afrikaanse samelewing; 118 (37.34%) se huistaal was Afrikaans, 102 (32.28%) Engels, 84 (26.58%) het 'n inheemse taal tuis gepraat en 12 (3.80%) 'n andersoortige taal.

Die aantal leerders in elke graad was as volg: 24 (7.59%) in graad 8, 36 (11.39%) in graad 9, 58 (18.35%) in graad 10, 134 (42.41%) in graad 11 en 64 (20.25%) in graad 12. Die gemiddelde ouderdom van die deelnemers was 16.03 jaar met 'n standaardafwyking van 1.29.

Weens die verspreiding van die steekproef, die grootte daarvan en die toevalligheid waarmee die deelnemers gekies is, kan aanvaar word dat die steekproef die gemiddelde Suid-Afrikaanse hoërskooladolesent verteenwoordig.



## Meetinstrumente

In die lig van die doelstellings van die ondersoek moes veranderlikes soos irrasionele oortuigings, groepdruk, verhouding met maats, verhouding met ouers en selfbeeld gemeet word.

### *Irrasionele oortuigings*

Om irrasionele oortuigings te meet, is 'n vraelys gebruik wat deur Jones (1968) ontwikkel is. Die vraelys meet tien tipiese irrasionele oortuigings (Sien Tabel 1) wat meestal by mense voorkom en waarna reeds vroeër verwys is (Maltby, Day & Macaskill 2007:458-459). Vir elk van die irrasionele oortuigings bestaan daar tien vrae wat op 'n vyfpuntskaal beantwoord moet word. Altesaam is daar 100 items. Die toets-hertoets-metode is gebruik om betroubaarheidskoëffisiënte vir elk van die irrasionele oortuigings te bereken. Die koëffisiënte word telkens tussen hakies aangedui: vereis aanvaarding (0.83), hoë verwagtinge (0.87), rigiede optrede (0.78), alles moet reg verloop (0.68), eksterne beheer (0.75), oorangstigtheid (0.86), vermy probleme (0.83), jy het altyd ander nodig (0.86), hulpeloosheid (0.68) en perfeksionisme (0.68). Die betroubaarheidskoëffisiënt vir die totale toets wat irrasionele oortuigings in die algemeen meet was 0.92 wat op hoë betroubaarheid dui.

### *Ander veranderlikes*

Die oorblywende veranderlikes is gemeet deur gebruik te maak van 'n vraelys wat deur Fourie (2001) ontwikkel is. Die vraelys meet groepdruk, verhouding met maats, ouer-kindverhouding en selfbeeld. Al die items is op 'n sespunt skaal beantwoord.

### Groepdruk

Algeheel is daar 25 items wat groepdruk meet. Daar word gepoog om vas te stel in watter mate adolessente afhanklik van groepsaanvaarding is en in watter mate hulle binne die portuurgroep standpunt kan inneem. Hoe hoër die telling, hoe hoër is die groepdruk wat ervaar word. Die Cronbach Alpha betroubaarheidskoëffisiënt is 0.86. Voorbeelde van items is die volgende:

*Ek laat my dikwels deur my vriende voorsê wat om te doen*

*Ek het al baie keer in die moeilikheid beland omdat ek my vriende se voorstelle gevolg het.*

### Verhouding met maats

Items vir hierdie konstruk is opgestel met die doel om te bepaal in watter mate adolessente se omgang met hulle maats gemaklik is, hoe groot hulle vriendekring is en hoe sosiaal betrokke hulle is. In die geheel is daar 20 items. Hoe hoër die telling, hoe beter is die verhouding met maats. Die Cronbach Alpha betroubaarheidskoëffisiënt is 0.86. Voorbeelde van items is die volgende:

*Dit is vir my moeilik om vriende te maak.*

*Dit is vir my aangenaam om dinge alleen te doen as in 'n groep.*

### Ouer-kind verhouding

Met die items wat vir hierdie verhouding ontwikkel is, word daar gepoog om vas te stel of daar wedersydse vertroue tussen adolessente en hulle ouers bestaan. Verder word daar ook vasgestel of adolessente van mening is dat hulle ouers hulle verstaan en in hulle belangstel. Dit meet ook adolessente se opinie oor hulle ouers se toepassing van gesag en die wyse waarop ouers reëls neerlê. Daar is 45 items met 'n Cronbach Alpha betroubaarheidskoëffisiënt van 0.95. Voorbeelde van items is die volgende:

*My ouers is agterdogtig oor my doen en late.  
 Ek dink nie my ouers verstaan my werklik nie.  
 My ouers is dikwels onbillik.*

### Selfbeeld

Items vir dié konstruk poog om vas te stel in watter mate adolessente hulleself aanvaar en tot watter mate hulle onseker oor hulleself voel. Daar is 20 items met 'n Cronbach Alpha betroubaarheidskoeffisiënt van 0.86. Voorbeelde van items is die volgende:

*Ek twyfel soms oor wie en wat ek is.  
 Ek voel dikwels dat ek niks goeds kan doen nie.*

### Prosedure

Tydens die opleiding van die studente wat met die afneem van die meetinstrumente behulpsaam was, is die doel, die formaat asook die instruksies van die vraelyste met die studente bespreek.

Die vraelyste is gedurende skooltyd afgeneem in 'n tydgleuf wat vir die skool gemaklik en prakties geskik was. Die vraelys wat irrasionele oortuigings meet, is eers afgeneem, en om moegheid te voorkom, is die ander veranderlikes op 'n volgende, afsonderlike dag gemeet. Beide geleenthede het ongeveer 45 minute geduur.

Die wyse waarop elk van die vraelyste beantwoord moes word, is aan die deelnemers verduidelik. Hulle is uitgenooi om onduidelikhede voor en tydens die afneem van die vraelyste te opper. Die vertroulikheid van die inligting is aan die deelnemers verduidelik en hulle het die versekering ontvang dat nóg hulle ouers, nóg enige van die onderwysers toegang tot die inligting sal kry. Omdat alle inligting vertroulik hanteer sou word, is 'n beroep op die deelnemers gedoen om die vraelyste eerlik te beantwoord en nie om ander te beïndruk nie.

Nadat die vraelyste afgeneem is, is dit nagegaan om te verseker dat die response van die deelnemers duidelik weergegee is. Dit is gevolg deur die statistiese ontleding van die data.

### RESULTATE

Die eerste doel van die ondersoek was om te bepaal watter irrasionele oortuigings met groepdruk verband hou en watter van die irrasionele oortuigings as die vernaamste beskou kan word. Vir dié doel is Pearson produkmomentkorrelasies bereken. Die gegewens verskyn in Tabel 1.

In al die gevalle waar irrasionele oortuigings beduidend met groepdruk gekorreleer het, was die korrelasie koeffisiënte positief wat impliseer dat 'n sterk teenwoordigheid van irrasionele oortuigings met groter groepdruk gepaardgaan. Die hoogste positiewe korrelasie was dié tussen groepdruk en die oortuiging dat *mense met wie jy in aanraking kom, moet jou aanvaar en van jou hou* ( $r=0.43$ ) gevolg deur die oortuiging dat *probleme eerder vermy moet word in stede daarvan om dit te probeer oplos* ( $r=0.36$ ).

In drie gevalle kon geen verband tussen irrasionele oortuigings en groepdruk aangetoon word nie. Dit was in die geval van die oortuiging dat *jy op talle gebiede moet presteer voor jy erkenning sal geniet, dat mense wat swak gedrag openbaar konsekwent gestraf moet word* en dat *dit katastrofes is as dinge anders verloop as wat jy beplan het*.

Ten einde te bepaal watter van die irrasionele oortuigings as die vernaamste beskou kan word om die variasie in groepdruk te verklaar, is 'n stapsgewyse voorwaartse regressie-analise uitgevoer. Al sewe die irrasionele oortuigings wat beduidendheid met groepdruk gekorreleer het, is as onafhanklike veranderlikes gebruik en groepdruk as afhanklike veranderlike. Die gegewens verskyn in Tabel 2.

**TABEL 1:** Pearson produkmomentkorrelasie tussen irrasionele oortuigings en groepdruk

Irrasionele oortuigings	Groepdruk
1. Mense met wie jy in aanraking kom moet jou aanvaar en van jou hou. (vereis aanvaarding)	0.43*
2. Jy moet op talle gebiede presteer voor jy erkenning sal geniet. (hoë verwagtinge)	0.00
3. Mense wat swak gedrag openbaar moet konsekwent gestraf word. (rigiede optrede)	0.07
4. Dit is katastrofies as dinge anders verloop as wat jy beplan het. (alles moet reg verloop)	0.00
5. Jou lewe word deur faktore van buite bepaal waaroor jy nie beheer het nie. (eksterne beheer)	0.29*
6. 'n Mens behoort bekommerd te wees oor onvoorsiene gevare in die lewe. (oorangstigtheid)	0.17*
7. Vermy eerder probleme in stede daarvan om dit te probeer oplos. (vermy probleme)	0.36*
8. Sonder ander se hulp sal jy nêrens in die lewe kom nie. (jy het altyd ander nodig)	0.24*
9. Dit is onmoontlik om foute in die verlede totaal en al af te skud. (hulpeloosheid)	0.18*
10. Dit is katastrofies as probleme nie op die ideale wyse opgelos word nie. (perfeksionisme)	0.11**

\* $p < 0.01$ ; \*\* $p < 0.05$  (N=316)

**TABEL 2:** Regressie-analise met irrasionele oortuigings as onafhanklike veranderlikes en groepdruk as afhanklike veranderlike

Stap	Veranderlike	R <sup>2</sup>	F	gv	p
1	Vereis aanvaarding	0.1870	72.20	(1,314)	$p < 0.01$
2	Vermyn probleme	0.2565	53.98	(2, 313)	$p < 0.01$
3	Jy het altyd ander nodig	0.2770	39.84	(3,312)	$p < 0.01$

In 'n regressie-analise word die onafhanklike veranderlike wat die hoogste met die afhanklike veranderlike (groepdruk) korreleer eerste in die model opgeneem. In hierdie geval was dit die irrasionele oortuiging dat *mense met wie jy in aanraking kom, moet jou aanvaar en van jou hou*. Die spesifieke irrasionele oortuiging verklaar ongeveer 18.7% van die variansie in groepdruk. Die proporsie was beduidend met  $F(1,314) = 72.20$ ;  $p < 0.01$ . Nadat die eerste veranderlike in die model

opgeneem is, word die volgorde van die oorblywende veranderlikes bepaal deur hulle korrelasie met die afhanklike veranderlike asook hulle korrelasie met die veranderlike(s) wat reeds in die model opgeneem is. Die volgende onafhanklike veranderlike wat opgeneem word, is die een wat die grootste beduidende proporsie van die variansie in die afhanklike veranderlike verklaar wat nog nie deur vorige onafhanklike veranderlikes verklaar is nie. In dié geval was dit die irrasionele oortuiging dat *probleme eerder vermy moet word in stede daarvan om dit te probeer oplos*. Die irrasionele oortuiging verklaar 'n addisionele 6.95% van die variansie in groepdruk wat nie reeds deur die vorige irrasionele oortuiging verklaar is nie. Die proporsie was beduidend met  $F(2,313) = 53.98$ ;  $p < 0.01$ . Die derde veranderlike wat opgeneem is, was die irrasionele oortuiging dat *sonder ander se hulp sal jy nêrens in die lewe kom nie*. Die irrasionele oortuiging verklaar 'n addisionele 2.05% van die variansie in groepdruk wat nie reeds deur die vorige twee irrasionele oortuigings verklaar is nie. Die proporsie was beduidend met  $F(3,312) = 39.84$ ;  $p < 0.01$ . Geen van die oorblywende irrasionele oortuigings kon 'n beduidende groter proporsie van die variansie in groepdruk verklaar nie. In die lig van die gegewens van hierdie ondersoek blyk dit dat die vernaamste irrasionele oortuigings wat met groepdruk verband hou, die volgende is: *mense met wie jy in aanraking kom moet jou aanvaar en van jou hou, vermy eerder probleme in stede daarvan om dit te probeer oplos* en *sonder ander se hulp sal jy nêrens in die lewe kom nie*.

Die tweede doel van die ondersoek was om te bepaal in hoe 'n mate selfbeeld, verhouding met maats en ouer-kindverhouding met groepdruk verband hou en watter irrasionele oortuigings met hierdie veranderlikes geassosieer word. Om die verband te bepaal tussen selfbeeld, verhouding met maats, ouer-kindverhouding en groepdruk is Pearson produkmomentkorrelasies bereken. Die gegewens verskyn in Tabel 3.

**TABEL 3:** Pearson produkmomentkorrelasie tussen selfbeeld, verhouding met maats, ouer-kindverhouding en groepdruk

Veranderlike	Selfbeeld	Verhouding met maats	Ouer-kindverhouding
Groepdruk	-0.63	-0.34	-0.46

In al die gevalle is  $p < 0.01$  ( $N=316$ )

Selfbeeld toon die sterkste verband met groepdruk en die verband is negatief wat aandui dat hoër groepdruk met 'n swak selfbeeld gepaardgaan en omgekeerd. Dieselfde geld vir die twee ander veranderlikes wat ook beduidend negatief met groepdruk korreleer. Om vas te stel watter van die drie veranderlikes as die vernaamste beskou kan word is daar, soos in die geval van die vorige doelstelling, 'n stapsgewyse voorwaartse regressie-analise uitgevoer. Selfbeeld, verhouding met maats en ouer-kindverhouding is as onafhanklike veranderlikes gebruik en groepdruk as afhanklike veranderlike. Die gegewens verskyn in Tabel 4.

Selfbeeld is eerste in die regressiemodel opgeneem en verklaar ongeveer 40% van die variansie in groepdruk. Die proporsie was beduidend met  $F(1,314) = 209.29$ ;  $p < 0.01$ . Die ander twee veranderlikes naamlik verhouding met maats en ouer-kindverhouding, kon geen beduidende bydrae maak ten opsigte van die oorblywende variansie in groepdruk wat nie reeds deur selfbeeld verklaar is nie. Verhouding met maats en ouer-kindverhouding is gevolglik nie in die model opgeneem nie. In die lig van die gegewens kan selfbeeld as die vernaamste veranderlike beskou word wat met groepdruk verband hou. Om te bepaal watter van die irrasionele oortuigings met selfbeeld verband hou, is Pearson produkmomentkorrelasies bereken. Die gegewens verskyn in Tabel 5.

**TABEL 4:** Regressie-analise met selfbeeld, verhouding met maats en ouer-kindverhouding as onafhanklike veranderlikes en groepdruk as afhanklike veranderlike

Stap	Veranderlike	R <sup>2</sup>	F	gv	p
1	Selfbeeld	0.40	209.29	(1,314)	p<0.01

**TABEL 5:** Pearson produkmomentkorrelasie tussen irrasionele oortuigings en selfbeeld

Irrasionele oortuigings	Selfbeeld
1. Mense met wie jy in aanraking kom moet jou aanvaar en van jou hou	-0.44*
2. Jy moet op talle gebiede presteer voor jy erkenning sal geniet	-0.07
3. Mense wat swak gedrag openbaar moet konsekwent gestraf word	-0.02
4. Dit is katastrofies as dinge anders verloop as wat jy beplan het	-0.17*
5. Jou lewe word deur faktore van buite bepaal waarom jy nie beheer het nie	-0.23*
6. 'n Mens behoort bekommerd te wees oor onvoorsiene gevare in die lewe	-0.35*
7. Vermoeg eerder probleme in stede daarvan om dit te probeer oplos	-0.41*
8. Sonder ander se hulp sal jy nêrens in die lewe kom nie	-0.20*
9. Dit is onmoontlik om foute in die verlede totaal en al af te skud	-0.25*
10. Dit is katastrofies as probleme nie op die ideale wyse opgelos word nie	-0.01

\*p<0.01 (N=316)

In al die gevalle het irrasionele oortuigings negatief met selfbeeld gekorreleer wat impliseer dat 'n sterk teenwoordigheid van irrasionele oortuigings met 'n swak selfbeeld gepaardgaan. Die hoogste negatiewe korrelasie was dié tussen selfbeeld en die oortuiging dat *mense met wie jy in aanraking kom, moet jou aanvaar en van jou hou* ( $r=-0.44$ ) gevolg deur die oortuiging dat *probleme eerder vermoeg moet word in stede daarvan om dit te probeer oplos* ( $r=-0.41$ ). Dit is dieselfde twee irrasionele oortuigings wat die hoogste met groepdruk gekorreleer het. Tussen die geïdentifiseerde irrasionele oortuigings is daar gevolglik twee wat die hoogste met selfbeeld en groepdruk korreleer terwyl daar 'n beduidende negatiewe verband tussen selfbeeld en groepdruk aangetoon is ( $r=-0.63$ ). 'n Meervoudige korrelasie of onderlinge afhanklikheid is bereken tussen die selfbeeld, die twee irrasionele oortuigings en groepdruk. Die korrelasiekoëffisiënt was 0.66 wat impliseer dat die twee irrasionele oortuigings en selfbeeld gesamentlik ongeveer 44% ( $0.66^2$ ) van die variansie in groepdruk verklaar.

Die derde doel van die ondersoek was om te bepaal of adolessente in verskillende ouderdomsgroepe verskil ten opsigte van prominente irrasionele oortuigings wat met groepdruk verband hou. Die ouderdomsgroepe het gewissel van 14-jariges (hoofsaaklik in graad 8) tot 18-jariges (hoofsaaklik in graad 12). Die gemiddeldes van die verskillende ouderdomsgroepe is bereken ten opsigte van die drie vernaamste irrasionele oortuigings naamlik: *mense met wie jy in aanraking*

*kom, moet jou aanvaar en van jou hou (vereis aanvaarding), probleme moet eerder vermy word in stede daarvan om dit te probeer oplos (vermy probleme) en sonder ander se hulp sal jy nêrens in die lewe kom nie (jy het altyd ander nodig).* Ten einde te bepaal of die gemiddeldes van die ouderdomsgroepe beduidend verskil, is 'n analise van variansie uitgevoer.

Ten einde 'n meer volledige beeld te verkry, is die gemiddelde groepdruk van adolessente in die verskillende ouderdomsgroepe eerstens bereken en om die beduidendheid van moontlike verskille te bepaal, is daar ook in dié geval 'n analise van variansie uitgevoer. Die gegewens verskyn in Tabel 6 en 7.

**TABEL 6:** Gemiddelde groepdruk van adolessente in verskillende ouderdomsgroepe

Ouderdom	Groepdruk		
	N	$\bar{X}$	S
14	22	51.45	9.98
15	50	57.56	11.02
16	118	56.05	12.16
17	78	52.25	15.39
18	26	59.92	18.98
<b>F-waarde</b>	F(4,289) = 2.64; p>0.05		

**TABEL 7:** Gemiddelde irrasionele oortuigings van adolessente in verskillende ouderdomsgroepe

Ouderdom	Vereis aanvaarding			Vermy probleme			Jy het altyd ander nodig		
	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S
14	22	33.72	6.62	22	22.27	3.32	22	17.81	2.68
15	50	32.48	7.02	50	22.76	5.14	50	17.12	3.75
16	118	31.40	9.91	118	20.83	4.88	118	17.62	3.99
17	78	29.89	7.98	78	22.97	5.70	78	17.56	4.01
18	26	32.07	9.15	26	23.30	7.48	26	18.15	3.22
<b>F-waarde</b>	F(4,289)=1.34; p>0.05			F(4,289)=2.72; p>0.05			F(4,289)=0.35; p>0.05		

Geen beduidende verskil in die gemiddelde groepdruk van adolessente in verskillende ouderdomsgroepe kon aangetoon word nie. Die drie irrasionele oortuigings wat met groepdruk verband hou het ook nie beduidend tussen die ouderdomsgroepe verskil nie.

Die vierde doel van die ondersoek was om te bepaal of seuns en dogters verskille toon ten opsigte van prominente irrasionele oortuigings wat met groepdruk verband hou. Die gemiddeldes

van seuns en dogters is bereken ten opsigte van die drie vernaamste irrasionele oortuigings wat geïdentifiseer is. Ter wille van volledigheid is die gemiddelde groepdruk van seuns en dogters ook bereken. Ten einde te bepaal of die gemiddeldes beduidend verskil, is 'n t-toets vir onafhanklike veranderlikes telkens bereken. Die gewens verskyn in Tabel 8.

**TABEL 8:** Gemiddeldes van groepdruk en irrasionele oortuigings van seuns en dogters

	Geslag	N	$\bar{X}$	S	t
<b>Groepdruk</b>	<b>Seuns</b>	120	57.23	11.91	1.43
	<b>Dogters</b>	196	54.98	14.54	
<b>Vereis aanvaarding</b>	<b>Seuns</b>	120	30.86	8.57	1.05
	<b>Dogters</b>	196	31.87	8.11	
<b>Vermyn probleme</b>	<b>Seuns</b>	120	22.80	5.10	1.84
	<b>Dogters</b>	196	21.66	5.48	
<b>Jy het altyd ander nodig</b>	<b>Seuns</b>	120	16.65	15.93	3.45*
	<b>Dogters</b>	196	18.14	17.63	

\* $p < 0.01$ . Vir al die ander t-waardes was  $p > 0.05$

Geen beduidende verskille tussen seuns en dogters ten opsigte van groepdruk kon aangetoon word nie. Dieselfde geld ook vir die twee vernaamste irrasionele oortuigings wat met groepdruk verband hou naamlik: *mense met wie jy in aanraking kom, jou moet aanvaar en van jou hou en probleme moet eerder vermy word in stede daarvan om dit te probeer oplos*. Ten opsigte van die derde irrasionele oortuiging was daar wel 'n beduidende verskil. Dogters, in vergelyking met seuns, is meer oortuig daarvan dat hulle *sonder ander se hulp nêrens in die lewe sal kom nie*.

## BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Uit die literatuur blyk dit dat irrasionele oortuigings ontstaan wanneer persone aanhoudend foutiewe afleidings oor hulleself, ander mense en situasies maak en dié foutiewe afleidings met verloop van tyd as waar aanvaar. Hierdie foutiewe afleidings, of anders gestel, irrasionele of onredelike oortuigings, kan selfvernietigende emosies en afwykende gedrag tot gevolg hê (Froggatt 2005:1-2). As irrasionele oortuigings afwykende gedrag tot gevolg kan hê, dan bestaan die moontlikheid dat irrasionele oortuigings met groepdruk verband kan hou. Die eerste doel van die ondersoek was om sodanige verband te bepaal. Die tien mees algemene irrasionele oortuigings wat deur Ellis (in Maltby, Day & Macaskill 2007:458-459) geïdentifiseer is, is met groepdruktellings gekorreleer. Beduidende positiewe korrelasiekoëffisiënte is in sewe van die tien gevalle verkry wat impliseer dat 'n sterk teenwoordigheid van irrasionele oortuigings met hoë groepdruk gepaardgaan, en omgekeerd. Die korrelasiekoëffisiënte het gewissel van 0.11 ( $p < 0.05$ ) tot 0.43 ( $p < 0.01$ ). Tussen hierdie sewe irrasionele oortuigings is een geïdentifiseer (*mense met wie jy in aanraking kom, moet jou aanvaar en van jou hou*) wat bykans 19% van die variansie in groepdruk verklaar en as die vernaamste in dié opsig beskou kan word. Twee ander irrasionele oortuigings wat ook beduidende proporsies van die variansie in groepdruk kon verklaar, was: *vermy eerder probleme in stede daarvan om dit te probeer oplos* en *sonder ander se hulp sal jy nêrens in die lewe kom nie*.

In die lig van die irrasionele oortuigings kan adolessente wat onder groepdruk verkeer, beskryf word as diegene wat 'n onrealistiese behoefte aan erkenning en aanvaarding het. Ander mense moet van hulle hou en niks negatief oor hulle sê nie. Hulle is ook van mening dat hulle nie sonder ander mense in die lewe die mas sal opkom nie. Omdat hulle 'n behoefte aan aanvaarding het en glo dat hulle nie sonder ander sosiaal sal oorleef nie, sal hulle huiwerig wees om hulle eie standpunt te stel en dit te handhaaf. So 'n optrede kan tot konfrontasie lei en hulle wil juis nie met probleme gekonfronteer word nie omdat hulle daarvan oortuig is dat probleme eerder vermy moet word.

Wanneer 'n irrasionele oortuiging soos *mense met wie jy in aanraking kom, moet jou aanvaar en van jou hou* uitgesonder word as 'n prominente oortuiging wat met groepdruk geassosieer word, hou dit twee praktiese voordele in. Eerstens kan die teenwoordigheid van so 'n irrasionele oortuiging ouers, onderwysers, voorligters en ander professionele persone help om groepdruk te identifiseer sonder om dit noodwendig aan die hand van 'n vraelys te meet. Wanneer adolessente in hulle gesprekke vereistes stel dat ander hulle optrede moet goedkeur, hulle gerespekteer moet word, ander van hulle moet hou, hulle oormatig bekommerd is oor dit wat ander van hulle sê of daarop aandring dat ander hulle moet aanvaar, kan die moontlikheid van groepdruk geantisipeer word. Tweedens skep die teenwoordigheid van prominente irrasionele oortuigings die geleentheid vir terapeutiese ingryping ten einde groepdruk te verminder. In hierdie opsig kan aangesluit word by Ellis se Rationele-Emosionele Gedragsterapie en sy bekende A-B-C-D-E model. 'n Aktiverende(A) gebeurtenis lei tot 'n spesifieke gedragspatroon (consequence-C) as gevolg van sekere irrasionele oortuigings (beliefs-B). Die terapeut (ouer, onderwyser) konfronteer (dispute-D) hierdie irrasionele oortuigings en probeer dit vervang met meer effektiewe(E) oortuigings (Watson, Morris & Miller 2001:343). Die uitgangspunt is dat dit dikwels nie die situasie self is wat 'n gedragspatroon ontlok nie, maar die persoon se interpretasie van die situasie. As 'n adolessente seun byvoorbeeld uitgenooi word om dwelms te gebruik(A) en hy van mening is dat hy sosiaal geïsoleer sal word as hy nie toegee nie(B), sal hy onder druk verkeer om die uitnodiging te aanvaar(C). Sodanige irrasionele oortuiging moet weerlê(D) en vervang word met 'n meer effektiewe(E) oortuiging soos; *om sosiaal geïsoleer te word deur verkeerde vriende kan tot jou voordeel wees*.

Dit lê op die pad van ouers, onderwysers, voorligters en ander professionele persone om geskikte, effektiewe oortuigings aan adolessente voor te hou. Daar kan byvoorbeeld, vir die irrasionele oortuigings dat *mense met wie jy in aanraking kom, moet jou aanvaar en van jou hou* alternatiewe oortuigings geformuleer word soos: *ek self hou nie van sekere mense nie en daarom moet ek aanvaar dat almal nie van my sal hou nie of, nie alle kritiek van ander mense is noodwendig waar nie en daarom moet 'n mens jou nie altyd daaraan steur nie*. Op dieselfde wyse kan ander irrasionele oortuigings ook gehanteer word. In sekere opsigte sal daar nie bloot met 'n alternatiewe oortuiging volstaan kan word nie. Greene en Banerjee (2008:280) is van mening dat dit dalk ook nodig sal wees om adolessente in verbale redenering en argumentvoering te onderrig ten einde hulle in staat te stel om met meer selfvertroue alternatiewe oortuigings toe te pas.

Groepdruk is 'n verhoudingsprobleem en daarom kan aanvaar word dat adolessente se verhouding met hulleself (selfbeeld), hulle verhouding met maats en hulle verhouding met ouers 'n invloed op hulle ervaring van groepdruk sal hê (Bester & Fourie 2006:158). Gevolglik was die tweede doel van die ondersoek om te bepaal in welke mate selfbeeld, verhouding met maats en ouer-kindverhouding met groepdruk verband hou en watter irrasionele oortuigings met hierdie veranderlikes geassosieer word. Die genoemde verhoudinge het almal negatief met groepdruk gekorreleer wat aandui dat hoë groepdruk met 'n swak selfbeeld en swak verhouding met ouers en maats geassosieer kan word. Selfbeeld toon die sterkste negatiewe verband met groepdruk ( $r=-0.63$ ) wat ooreenkom met die negatiewe korrelasie ( $r=-0.60$ ) wat deur Bester en Fourie (2006:163) aangetoon is. In die regressie-analise wat uitgevoer is, kon verhouding met maats en ouer-



kindverhouding geen beduidende bydrae maak ten opsigte van die variansie in groepdruk wat nie alreeds deur selfbeeld verklaar is nie. Dit bevestig dat selfbeeld een van die vernaamste faktore is wat met groepdruk verband hou (Dumas, Ellis & Wolfe 2012:917-927; Bámaca & Umaña-Taylor 2006:634; Bester & Fourie 2006:158; Palmqvist & Santavirta 2006:204). Uit 'n verdere regressie-analise het dit geblyk dat dieselfde twee irrasionele oortuigings wat die hoogste met groepdruk gekorreleer het ook die hoogste korrelasies met selfbeeld getoon het. Laasgenoemde korrelasies was negatief wat aandui dat 'n sterk teenwoordigheid van irrasionele oortuigings met 'n swak selfbeeld gepaardgaan. Dit kom ooreen met Salameh (2011:139-140) se bevindings wat 'n negatiewe verband tussen selfsekerheid en irrasionele oortuigings aangetoon het. Die twee irrasionele oortuigings (*mense met wie jy in aanraking kom, moet jou aanvaar en van jou hou* en *probleme eerder vermy moet word in stede daarvan om dit te probeer oplos*) tesame met selfbeeld verklaar ongeveer 44% van die variansie in groepdruk wat goed vergelyk met die ondersoek van Fourie (2001:210-213) waarin verskeie faktore betrek is en 46% van die variansie in groepdruk verklaar kon word. Selfbeeld is in Fourie se ondersoek gebruik maar nie irrasionele oortuigings nie.

Ouderdomsgroepe het nie met betrekking tot groepdruk verskil nie en in hierdie opsig verskil die resultate van ander ondersoeke (Fourie 2001:185; Chan & Chan 2008:40) waarin 'n afname in groepdruk gedurende die hoërskooljare aangetoon is. Die drie irrasionele oortuigings wat met groepdruk verband hou het ook nie beduidend tussen die ouderdomsgroepe verskil nie. Geen toename of afname ten opsigte van irrasionele oortuigings kon dus aangetoon word nie. Die bevinding stem ooreen met Salameh (2011:137) se standpunt dat irrasionele oortuigings reeds vroeg ontwikkel omdat daar alreeds vroeg in die kind se lewe 'n behoefte aan aanvaarding is. Die resultate van die ondersoek moet egter nie te wyd veralgemeen word nie. Die bevinding wat verkry is, geld slegs vir die drie prominente irrasionele oortuigings wat met groepdruk verband hou. Dit sou verkeerd wees om te aanvaar dat adolessente in verskillende ouderdomsgroepe oor die algemeen nie ten opsigte van irrasionele oortuigings verskil nie.

Wat geslag betref, kon geen beduidende verskille tussen die groepdruk wat seuns en dogters onderskeidelik ervaar, gevind word nie. Daar moet in gedagte gehou word dat groepdruk in hierdie ondersoek in die algemeen gemeet is en nie in 'n bepaalde konteks nie. Wanneer 'n bepaalde konteks ter sprake is, is daar dikwels beduidende verskille. Dogters ervaar byvoorbeeld meer druk om hulle eetgewoontes aan te pas ter wille van hulle voorkoms (Vincent & McCabe 2000:205-221; Rask, Astedt-Kurki, Tarkka & Laippala, 2002:243-250) terwyl seuns meer druk ervaar om dwelms te gebruik (Kiesner, Poulin, & Dishion 2010:529-556). In 'n algemene konteks het Fourie (2001:183) 'n beduidende verskil gevind tussen die gemiddelde groepdruk van seuns en dogters. Seuns het meer groepdruk as dogters ervaar maar hoewel beduidend, was die verskil klein. Dieselfde vraelys as dié van Fourie (2001) is in hierdie ondersoek gebruik om groepdruk te meet maar geen beduidende verskil tussen seuns en dogters kon aangetoon word nie. Die afleiding kan gemaak word dat in 'n algemene konteks seuns en dogters gering of geensins ten opsigte van groepdruk verskil nie. Seuns en dogters het ook nie verskil ten opsigte van twee vernames irrasionele oortuigings wat met groepdruk verband hou nie. Ten opsigte van 'n derde irrasionele oortuiging was daar wel 'n beduidende verskil. Dogters in vergelyking met seuns is meer oortuig daarvan dat hulle *sonder ander se hulp, nêrens in die lewe sal kom nie*. Laasgenoemde oortuiging hou egter nie so sterk met groepdruk verband as die ander twee waar geen beduidende verskille aangetoon kon word nie.

Ten slotte word daar op enkele tekortkominge van die ondersoek gelet asook op moontlikhede vir verdere navorsing.

Die irrasionele oortuigings wat in hierdie ondersoek met groepdruk in verband gebring is, is die mees algemene oortuigings wat Ellis (in Maltby, Day & Macaskill 2007:458-459) geïdentifiseer

het. Dit is beslis nie die enigste oortuigings wat bestaan nie. Daar kan ander oortuigings wees wat in nog groter mate met groepdruk verband hou. Verder is die irrasionele oortuigings in die algemeen gemeet en nie noodwendig in 'n portuurgroepkonteks nie. Deur die items in die vraelys aan te pas sodat dit spesifiek op portuurgroepinteraksie fokus, is dit moontlik dat die verband tussen irrasionele oortuigings en groepdruk nog sterker na vore sal kom. Dieselfde geld ook vir groepdruk in 'n spesifieke konteks soos rook, drankmisbruik, dwelmmisbruik en delinkwente of misdadige gedrag. Daar kan in die toekoms eksperimenteel vasgestel word in welke mate 'n terapeutiese program die irrasionele oortuigings van adolessente sal wysig en watter invloed so 'n wysiging op hulle hantering van groepdruk sal hê. Lupuen Iftene (2009:95-105) het gevind dat 'n Rationele-Emosionele Opvoedingsprogram 'n afname in adolessente se irrasionele denkpatrone tot gevolg gehad het met 'n gepaardgaande afname in angs. In alle waarskynlikheid sal soortgelyke resultate in die geval van groepdruk verkry word.

## BIBLIOGRAFIE

- Allen, M., Donohue, W.A., Griffin, A., Ryan, D. & Turner, M.M.M. 2003. Comparing the influence of parents and peers on the choice to use drugs: A meta-analytic summary of the literature. *Criminal Justice and Behavior*, 30(2):163–186.
- Bámaca, M.Y. & Umaña-Taylor, A.J. 2006. Testing a Model of Resistance to Peer Pressure Among Mexican-Origin Adolescents. *Journal of Youth and Adolescence*, 35(4):631–645.
- Benson, P.L. & Scales, P.C. 2009. The definition and preliminary measurement of thriving in adolescence. *Journal of Positive Psychology*, 4(1):85–104.
- Bester, G. & Fourie, J.A.C. 2006. Verhoudinge van die adolessent wat groepdruk ervaar. *South African Journal of Education*, 26(1):157–169.
- Branstetter, S.A., Low, S. & Furman, W. 2011. The influence of parents and friends on adolescent substance use: a multidimensional approach. *Journal of Substance Use*, 16(2):150–160.
- Bruce, S. 2007. Social Influences on Adolescent Substance Use. *American Journal of Health Behavior*, 31(6):672–684.
- Buhs, E.S., Ladd, G.W. & Herald, S.L. 2006. Peer exclusion and victimization: Processes that mediate the relation between peer group rejection and children's classroom engagement and achievement? *Journal of Educational Psychology*, 98(1):1–13.
- Chan, K. & Chan, S. 2008. Emotional autonomy versus susceptibility to peer pressure. A case study of Hong Kong adolescent students. *Research in Education*, 79:38–52.
- Chen H., Cohen P., Johnson, J.G. & Kasen, S. 2009. Psychiatric disorders during adolescence and relationships with peers from age 17 to age 27. *Social Psychiatry and Psychiatric Epidemiology*, vol 44(3):223–230.
- Cho, Y. & Chung, O. 2012. A Mediated Moderation Model of Conformative Peer Bullying. *Journal of Child and Family Studies*, 21(3):520–529.
- De Bruyn, E. & van den Boom, D. 2005. Interpersonal behavior, peer popularity and self-esteem in early adolescence. *Social Development*, 14(4):555–573.
- Desjardins, T.L. & Leadbeater, B.J. 2011. Relational Victimization and Depressive Symptoms in Adolescence: Moderating Effects of Mother, Father, and Peer Emotional Support. *Journal of Youth and Adolescence*, 40(5):531–544.
- Dumas, T., Ellis, W. & Wolfe, D. 2012. Identity development as a buffer of adolescent risk behaviors in the context of peer group pressure and control. *Journal of Adolescence*, 35(4):917–927.
- Erath, S., Flanagan, K. & Bierman, K. 2008. Early adolescent school adjustment: Associations with friendship and peer victimization. *Social Development*, 17(4):853–870.
- Farrell, A.D. & White, K.S. 1998. Peer influence and drug use among urban adolescents: Family structure and parent-adolescent relationship as protective factors. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 66(2):248–258.
- Fives, C.J., Kong, G., Fuller, J.R. & DiGiuseppe, R. 2011. Anger, Aggression, and Irrational Beliefs in Adolescents. *Cognitive Therapy and Research*, 35(3):199–208.
- Fourie, J.A.C. 2001. Die identifisering van adolessente wat groepdruk moeilik hanteer. Ongepubliseerde DED-proefskrif in Sielkundige Opvoedkunde. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

- Froggatt, W. 2005. A brief introduction to Rational-Emotive Behaviour Therapy. [www.rational.org.nz/prof-docs/Intro-REBT.pdf](http://www.rational.org.nz/prof-docs/Intro-REBT.pdf) [21 Januarie 2013].
- Greene, K & Banerjee, S.C. 2008. Adolescents' Responses to Peer Smoking Offers: The Role of Sensation Seeking and Self-esteem. *Journal of Health Communication*, 13(3):267–286.
- Henry, K., Slater, M. & Oetting, E. 2005. Alcohol use in early adolescence: The effect of changes in risk taking, perceived harm and friends' alcohol use. *Journal of Studies on Alcohol*, 66(2):275–283.
- Jaradat, A. 2006. Relationship between Irrational Beliefs and Self-Esteem among Saudi College Students. *Jordan Journal of Educational Sciences*, 2(3):143-153.
- Jones, R.G. 1968. *Jones's Irrational Beliefs Handbook*. Wichita: Test Systems International.
- Kiesner, J., Poulin, F. & Dishion, T.J. 2010. Moderating and Mediating Effects of Parental Monitoring and Peer Activity Contexts. *Merrill-Palmer Quarterly*, 56(4):529-556.
- Kobus, K. 2003. Peers and adolescent smoking. *Addiction*, 98(1):37–55.
- Kung, E.M. & Farrell, A.D. 2000. The role of parents and peers in early adolescent substance use: An examination of mediating and moderating effects. *Journal of Child and Family Studies*, 9(4):509-528.
- La Greca, A.M. & Harrison, H.M. 2005. Adolescent Peer Relations, Friendships, and Romantic Relationships: Do They Predict Social Anxiety and Depression? *Journal of Clinical Child and Adolescent Psychology*, 34(1):49–61.
- Laursen, B., Hafen, C.A., Kerr, M. & Stattin, H. 2012. Friend Influence Over Adolescent Problem Behaviors as a Function of Relative Peer Acceptance: To Be Liked Is to Be Emulated. *Journal of Abnormal Psychology*, 121(1):88–94.
- Lee, D.Y., Sohn, N.H. & Park, S.H. 2004. Adolescents' peer-rated mental health, peer-acceptance, and irrational beliefs. *Psychological Reports*, 94(3):1144-1148.
- Lupu, V. & Iftene, F. 2009. The impact of rational emotive behaviour education on anxiety in Teenagers. *Journal of Cognitive and Behavioral Psychotherapies*, 9(1):95-105.
- Maltby, J., Day, L. & Macaskill, A. 2007. *Personality, individual differences and intelligence*. Essex: Pearson Education.
- Maxwell, K. 2002. Friends: The role of peer influence across adolescent risk behaviors. *Journal of Youth and Adolescence*, 31(4):267–277.
- McVea, K., Harter, L., McEntarffer, R. & Creswell, J.W. 1999. A Phenomenological Study of Student Experiences with Tobacco Use at City High School. *The High School Journal*, 82(4):209-222.
- Mounts, N.S. 2011. Parental Management of Peer Relationships and Early Adolescents' Social Skills. *Journal of Youth and Adolescence*, 40(4):416–427.
- Oppenheimer, C.W. & Hankin, B.L. 2011. Relationship Quality and Depressive Symptoms Among Adolescents: A Short-Term Multiwave Investigation of Longitudinal, Reciprocal Associations. *Journal of Clinical Child and Adolescent Psychology*, 40(3):486–493.
- Palmqvist, R. & Santavirta, N. 2006. What Friends are for: The Relationships Between Body Image, Substance Use, and Peer Influence Among Finnish Adolescents. *Journal of Youth and Adolescence*, 35(2):203-217.
- Payne, D.C. & Cornwell, B. 2007. Reconsidering Peer Influences on Delinquency: Do Less Proximate Contacts Matter? *Journal of Quantitative Criminology*, 23(2):127–149.
- Paxton, S.J. 1996. Prevention implications of peer influences on body image dissatisfaction and disturbed eating in adolescent girls. *Eating Disorders. The Journal of Treatment & Prevention*, (4):334-347.
- Rask, K., Astedt-Kurki, P., Tarkka, M. & Laippala, P. 2002. Relationships among adolescent subjective well-being, health behavior, and school satisfaction. *Journal of School Health*, 72(5): 243–250.
- Rew, L., Wong, J., Torres, R. & Howell, E. 2007. Older Adolescents' Perceptions of the Social Context, Impact, and Development of their Spiritual/Religious Beliefs and Practices. *Issues in Comprehensive Pediatric Nursing*, 30(1):55–68.
- Salameh, E.M. 2011. Irrational Beliefs among Jordanian College Students and Relationship with Self-Confidence. *Asian Social Science*, 7(5):137-144.
- Schad, M.M., Szwedo, D.E., Antonishak, J., Hare, A. & Allen, J.P. 2008. The Broader Context of Relational Aggression in Adolescent Romantic Relationships: Predictions from Peer Pressure and Links to Psychosocial Functioning. *Journal of Youth and Adolescence*, 37(3):346–358.
- Sim, T.N. & Koh, S.F. 2003. A domain conceptualization of adolescent susceptibility to peer pressure. *Journal of Research on Adolescence*, 13(1):57–80.

- Simons-Morton, B. 2007. Social Influences on Adolescent Substance Use. *American Journal of Health Behavior*, 31(6):672-684.
- Thorlindsson, T. & Bemburg, J.G. 2006. Peer Groups and Substance use: Examining the direct and interactive effect of Leisure Activity. *Adolescence*, 41(162):321-339.
- Venning, A., Kettler, L., Elliott, J. & Wilson, A. 2009. The effectiveness of Cognitive-Behavioural Therapy with hopeful elements to prevent the development of depression in young people: a systematic review. *International Journal of Evidence-Based Healthcare*, 7(1):15-33.
- Vincent, M. & McCabe, M. 2000. Gender differences among adolescents in family, and peer influences on body dissatisfaction, weight loss, and binge eating behaviors. *Journal of Youth and Adolescence*, 29(2):205-221.
- Warr, M. 2002. *Companions in crime: the social aspects of criminal conduct*. New York: Cambridge University Press.
- Watson, P.J., Morris, R.J. & Miller, L. 2001. Irrational beliefs, attitudes about competition and splitting. *Journal of Clinical Psychology*, 57(3):343-354.
- Wentzel, K. 2003. Sociometric status and adjustment in middle school: A longitudinal study. *The Journal of Early Adolescence*, 23(1):5-28.
- Woolfolk, A. 2010. *Educational Psychology*. New Jersey: Pearson.
- Yokoyama, K., Nishikitani, M. & Araki, S. 1999. Reasons for drinking in relation to problem drinking behavior in a sample of Japanese high school students. *International Journal of Behavioral Medicine*, 6(2):135-149.
- Young, S., Chadwick, O., Heptinstall, E., Taylor, E. & Sonuga-Barke, E.J.S. 2005. The adolescent outcome of hyperactive girls. Self-reported interpersonal relationships and coping mechanisms. *European Child & Adolescent Psychiatry*, 14(5):245- 253.
- Zenere, F.J. & Lazarus, P.J. 1997. The Decline of Youth Suicidal Behavior in an Urban, multicultural Public School System Following the Introduction of a Suicide Prevention and Intervention Program. *Suicide and Life-Threatening Behavior*, 27(4):387-403.